# KLEIN LIBERTASTEATER TIENERTONEELFEES Reëls

- Elke groep of skool mag meer as een opvoering inskryf. ’n Inskrywingsvorm moet vir elke optrede ingevul word en van Dalro- en Samro magtiging vergesel word waar van toepassing.
- ’n Kopie van die teks moet voor die aanvang van die toneelfees elektronies ingehandig word.
- **Opvoerings mag nie langer as 45 minute wees nie**.
- Daar word voorsiening gemaak vir 30 minute intrektyd voor elke vertoning en 15 minute uittrektyd daarna.
- Die fees word vanjaar in die **Drostdy Teater** (hoek van Alexander- en Birdstraat, Stellenbosch) aangebied vanaf **11 tot 15 Augustus 2026** (16h00 tot 22h00).
- Die verhoog is 2,6 m hoog, 4,2 m diep en 11 m breed. Dit het ’n voorgordyn en die agtergordyn kan weggeskuif word om ’n wit muur te ontbloot. Die fleuels is báie klein.
- Kaartjies vir die vertonings sal by Quicket beskikbaar wees teen R20 (volwassenes) en R10 (leerders, studente en pensioenarisse) per vertoning.
- Die sluitingsdatum vir inskrywings is **Maandag 28 Mei 2026**. Voorkeurdatums en -tye vir opvoerings word streng toegeken in die volgorde waarin inskrywings ontvang word. Stuur dus u inskrywing so vroeg moontlik om teleurstelling of ongerief te voorkom, want daar is ongelukkig beperkte plek. Alle deelnemers sal ’n rooster rakende optreetye per epos ontvang teen 4 Junie 2026.
- Inskrywings moet asseblief na klt@kleinlibertasteater.co.za ge-epos word. Indien u nie ‘n erkenning van ontvangs binne 24 uur kry nie, kontak Marzanne Nagel per WhatsApp by 062 328 1370.
- ’n **Inskrywingsfooi van R400** moet elke inskrywing vergesel en is nie terugbetaalbaar nie. Bankbesonderhede vir die inbetalings is:

| | |
|---|---|
| Bank: | Standard Bank (Tak:Stellenbosch; Takkode: 050610) |
| Rekeninghouer: | Klein Libertas Teater |
| Tipe rekening: | Spaar |
| Rekeningnommer: | 278116434 |
| U verwysing: | TF + naam van groep/skool (Bv: TF Protea H/S) |

- Terugvoer vir opvoerings word direk na elke optrede deur die beoordelaars gegee en die volgende sertifikate word elke aand uitgedeel:

  Goue sertifikaat: 90%-100%
  Silwer sertifikaat: 80%-89%
  Brons sertifikaat: 70%-79%

- Na afloop van die laaste opvoering op Saterdag, 15 Augustus 2026, word die algehele wenners van die fees aangekondig. By hierdie prysuitdeling word die volgende toekennings gemaak:

  Trofee vir beste regisseur
  Trofee vir beste aktrise
  Trofee vir beste akteur
  Trofee vir beste junior aktrise
  Trofee vir beste junior akteur
  Trofee vir beste ondersteunende aktrise
  Trofee vir beste ondersteunende akteur
  Trofee vir beste Afrikaanse nuwe teks
  Trofee vir beste ensemblespel
  Trofee vir beste kostuums
  Trofee vir beste grimering
  Trofee vir beste dekor
  Trofee vir beste klankversorging
  Trofee vir beste beligtingsversorging
  Trofee vir beste produksie van die fees

- Die beste produksie van die fees ontvang die Klein Libertasteater se gesogte **wisseltrofee** en kry die geleentheid om by die 2027 **Suidoosterfees** op te tree.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal.
- Die Klein Libertasteater behou die reg voor om die fees af te stel as gevolg van buitengewone omstandighede, in welke geval die inskrywingsfooie wel terugbetaal sal word.
- **Elke groep/deelnemer vrywaar die Klein Libertasteater asook die Drostdy Teater van enige besering of skade van watter aard ookal wat opgedoen mag word as gevolg van deelname aan die Klein Libertasteater Tienertoneelfees**.